



DIUREX 800 SC

Reg No L 5334 Act / Wet 36 of 1947
N – AR 0489

A suspension concentrate herbicide with long residual action for the control of annual weeds as listed in citrus, avocados, bananas, coffee, mangoes, pineapples, macadamia nuts and sugarcane as well as for industrial us.

'n Suspensiekonsentraat onkruidodder met lang nawerking vir die beheer van eenjarige onkruid, soos aangetoon, in sitrus, avocados, mangoes, koffie, pynappels, makedamia- en pekanneute, piesangs en suikerriet asook vir industriële gebruik.

ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL

Diuron
(substituted urea)

800 g / l

Diuron
(gesubstitueerde urea)

NET VOLUME / NETTO VOLUME

..... l

REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER

Adama SA (Pty) LTD
Reg No. 1992/001741/07
21 Viben Street
Brackenfell
7560
infocpt@za.adama.com

Batch number

Lotnommer

Date of Manufacture

Datum van Vervaardiging

**DIUREX 800 SC is the registered trademark of Makhteshim-Agan Israel.
DIUREX 800 SC die geregistreerde handelsmerk van Makhteshim-Agan, Israel.**

(green / groen)



WARNINGS

Handle with care. Store away from food, feed, seed, fertilizer and other agricultural chemicals. Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions; quality of dilution water; compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the weed against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier or registration holder in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

Avoid inhalation of spray mist and fumes. Wash with soap and water after use. Prevent spray drift onto other crops, grazing, rivers, dams and any area not under treatment. Prevent contamination of food, feed, drinking water and eating utensils. Do not apply where the roots of susceptible plants can absorb the chemical.

IMPORTANT

Invert the empty container over the spray or mixing tank and allow to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed down to a drip. Thereafter rinse the container three times with a volume of water equal to a minimum of 10 % of that of the container. Add the rinsings to the contents of the spray tank before destroying the container in the prescribed manner.

Destroy empty container by perforations and flattening and never use for any other purpose.

SOME WEEDS SPECIES NORMALLY CONTROLLED BY A PRE-EMERGENCE TREATMENT OF AT LEAST 2,0 LITRE DIUREX SC PER HECTARE

<i>Ageratum conyzoides</i>	-	Billygoat weed
<i>Amaranthus hybridus</i>	-	Cape pigweed
<i>Amaranthus spinosus</i>	-	Thorny pigweed
<i>Amaranthus thunbergii</i>	-	Red pigweed
<i>Bidens bipinnata</i>	-	Spanish blackjack

<i>Bidens Formosa</i>	-	Cosmos
<i>Bedens pilosa</i>	-	Common blackjack
<i>Chenopodium album</i>	-	White goosefoot
<i>Chenopodium carinatum</i>	-	Green goosefoot
<i>Digitaria sanguinalis</i>	-	Crabfinger grass
<i>Eleusine indica</i>	-	Goose grass
<i>Galingsoga parviflora-</i>		Gallant soldier
<i>Hibiscus trionum</i>	-	Bladder weed
<i>Portulaca oleracea</i>	-	Common purslane
<i>Schkuhria pinnata</i>	-	Dwarf marigold
<i>Setaria verticillata</i>	-	Bur bristle grass
<i>Tagetes minuta</i>	-	Tall khakiweed

In addition to weeds listed above, the following two tough weeds can be controlled in sugarcane by using tank mixtures of DIUREX SC with the products as indicated in the dosage rate table.

<i>Panicum maximum</i>	-	Guinea grass
<i>Cyperus esculentus</i>	-	Yellow nutsedge

This product controls annual weeds. Other annual weeds that were not present during the development trials with the product, may possibly also be controlled to a certain degree. The registration holder does not accept any responsibility for unlisted weeds.

For the control of additional weeds in other crop and industrial weed control situations, see recommendations under REMARKS in the table below.

DIRECTIONS FOR USE: USE ONLY AS DIRECTED

DIUREX SC applied pre-emergence on its own is absorbed by the roots of germination weeds and applications must therefore be made before the weeds emerge on a cleanly cultivated soil. Rain or irrigation is required within one week after application to obtain optimal results. Application should preferably be made onto a moist soil.

MIXING AND APPLICATION: Apply in 200 to 400 litre water per hectare. Use a flat fan type or flood nozzle and accurately calibrate spray equipment prior to treatment. Mix the required quantity of DIUREX SC in a small quantity of clear water to make a smooth cream. Then pour into the tank through a sieve. Top up with water. Keep the chemicals in continuous suspension in the spray tank by means of proper agitation. Once mixed, the mixture should not be allowed to stand overnight.

DIUREX SC can be mixed with MCPA, PARAQUAT, MSMA, VELPAR 240 (L 370 I), METRIBUZIN en SPOTAXE (L 4302). It is very important that such liquid formulations should not be mixed with DIUREX SC in a concentrated form. To avoid any problem, half fill the spray tank, add DIUREX SC by, fill the tank with water and then add the other liquid formulation in already diluted form.

APPLICATION RATES**A: AGRICULTURAL USE**

CROP	DOSAGE (l / ha)	REMARKS
AVOKADO'S, BANANAS, CITRUS AND MANGOES In established orchards only	4,0	Apply onto clean cultivated, moist soil during the growing season. Repeat application after 2 to 3 months if required. Where grass weeds are a problem in citrus, apply in combination with BROMACIL WP. See BROMACIL label for rates of application.
PINEAPPELS Post plant or on established plants	4,0	Apply onto clean cultivated, moist soil. Repeat applications at 2 litre / ha every 4 months are preferable to a single application with BROMACIL WP. See BROMACIL label for rates of application.
COFFEE, MACADAMIA AND PECAN NUTS (established trees)	2,0	Apply onto clean cultivated soil during spring. Repeat application after 2 to 3 months.
SUGARCANE (Plant- and ratoon crops) A: Pre-emergence: Use DIUREX SC alone B: Pre- and post in combination with other herbicides Note: DIUREX SC is compatible with all these herbicides when the correct mixing procedures are followed.	3,0 tot 4,0 2,5 l hexazinone 1,5 l / ha or 2 l + metribuzin 3 l / ha or 2 l + paraquat 2,5 l / ha or 2,5 l + MCPA 3,5 – 6 l / ha + registered surfactant or 3 l + MSMA 3 l / ha	Apply as a pre-emergence spray in 200 to 400 litre water per ha. Use higher rate where severe weed infestation is anticipated or where longer residual activity is required on heavier soils. For additional control of <i>Panicum maximum</i> and <i>Cyperus esculentus</i> . Use higher rate for severe weed infestation of less susceptible weed stage.- Pre-or early post emergence Pre- or early post emergence Early to late post emergence Early post emergence Early post emergence NOTE: <i>C. rotundus</i> is not controlled.

Panicum maximum can normally be controlled when one of the above combinations is applied when the grass is actively growing and before it reaches a height of 4 cm and before tillering.

Cyperus esculentus (geeluintjies) will be controlled if sprayed just before flowering, otherwise variable results may be obtained if sprayed earlier or during cold or dry weather conditions.

The control of *Sorghum verticilliflorum* is usually inadequate, while *Rottboellia exaltata*, *Cynodon dactylon* and *Paspalus spp* are not controlled.

SITE OF APPLICATION	DOSAGE (l / ha)	SPOT TREATMENT (per 50 m²)	REMARKS
Along roads, railway tracks and on industrial sites.	10	50 ml	Where perennial grasses occur, DIUREX SC can be used in combination with PROPROP or BROMACIL. See labels for application rates.

WAARSKUWINGS

Hanteer versigtig. Stoor weg van voedsel, voer, saad, kunsmis en ander chemikalieë. Hou buite bereik van kinders, onligelike persone en diere.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder >n groot verskeidenheid toestande getoets is waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie, sowel as die metode, tyd en akkuraathed van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir >n gebrek aan prestasie as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiket aanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREëLS

Voorkom inaseming van spuitmis en dampe. Voorkom oorwaai van spuitnewel na ander gewasse, riviere, damme of enige area wat nie behandel word nie.

Voorkom besoedeling van voedsel voer, drinkwater en eetgerei. Moet nie spuit waar die wortels van gevoelige plante die middel kan opneem nie.

BELANGRIK

Keer die leë houer om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n gedrup verminder het. Spoel die houer daarna drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word. Vernietig leë houers deur gate daarin te maak en plat te druk. Moet vir geen ander doel gebruik word nie.

**SOMMIGE ONKRUIDSOORTE WAT NORMAALWEG DEUR TEN MINSTE 2,0 LITER
DIUREX SC PER HEKTAAR BEHEER WORD**

<i>Ageratum conyzoides</i>	-	Bokkruid
<i>Amaranthus hybridus</i>	-	Kaapse misbredie
<i>Amaranthus spinosus</i>	-	Doringmisbredie
<i>Amaranthus thunbergii</i>	-	Rooimisbredie
<i>Bidens bipinnata</i>	-	Spaanse knapsekêrel
<i>Bidens Formosa</i>	-	Kosmos
<i>Bedens pilosa</i>	-	Gewone Knapsekêrel
<i>Chenopodium album</i>	-	Withondebossie
<i>Digitaria sanguinalis</i>	-	Kruisvingergras
<i>Eleusine indica</i>	-	Jongosgras
<i>Galingsoga parviflora-</i>		Knopkruid
<i>Hibiscus trionum</i>	-	Terblansbossie
<i>Portulaca oleracea</i>	-	Gewone porslein
<i>Schkuhria pinnata</i>	-	Kleinkakiebos
<i>Setaria verticillata</i>	-	Klitssetaria
<i>Tagetes minuta</i>	-	Lang kakiebos

Behalwe die onkruid hierbo genoem kan die volgende twee onkruid in suikerriet beheer word deur van tenkmengsels van DIUREX SC en van die produkte soos aangedui in die toedieningstabelle gebruik te maak.

<i>Panicum maximum</i>	-	Gewone buffelsgras
<i>Cyperus esculentus</i>	-	Geeluintjies

Hierdie produk beheer eenjarige onkruid. Ander eenjarige onkruid wat nie tydens die ontwikkelingsproewe met die middel voorgekom het nie, kan ook moontlik in meerdere of mindere mate beheer word. Die registrasiehouer aanvaar egter geen aanspreeklikheid ten opsigte van ongelyste onkruid nie.

Vir die beheer van bykomende onkruid in ander gewas- en industriële onkruidsituasies, sien aanbevelings onder OPMERKINGS in die onderstaande tabelle.

GEBRUIKSAANWYSINGS: GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

DIUREX SC op sy eie voor opkom toegedien word deur die wortels van ontkiemde onkruid opgeneem en toediening moet dus voor opkom van die onkruid op kaal of skoonbewerkte grond geskied. Reën of besproeiing is binne een week na bespuiting nodig vir optimale resultate. Bespuiting moet by voorkeur op klam grond geskied. DIUREX SC kan ook na opkom van onkruid toegedien word mits dit in kombinasie met ander geregistreerde onkruidodders gebruik word. Die onkruid moet egter aktief-groeiend en in die regte groeistadium, soos gespesifiseer, wees vir optimale resultate.

VERMENGING EN TOEDIENING: Dien toe in 200 tot 400 liter water per hektaar. Gebruik platwaaier- of vloeds spuitpunte en kalibreer spuitapparaat akkuraat voor toediening. Maak die spuittenk dan halfvol met water. Meng die benodigde hoeveelheid DIUREX SC met 'n bietjie skoon water tot 'n gladde room en giet dan deur die sif in die tenk. Vul die tenk verder met water. Hou die middle in die spuittenk voortdurende in suspensie deur roering. Aangemaakte mengsel behoort nie oornag te staan nie.

DIUREX SC kan gemeng word met MCPA, PARAQUAT, MSMA, VELPAR 240 (L 370 I), METRIBUZIN en SPOTAXE (L 4302). Dit is baie belangrik dat genoemde vloeibare formulasies nie met DIUREX SC in 'n gekonsentreerde vorm gemeng word nie. Om enige probleem te voorkom, maak die spuittenk halfvol en voeg DIUREX SC by. Vul die tenk verder met water en voeg dan die ander vloeibare formulase in reeds verdunde vorm by.

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE**A: LANDBOUGEBRUIK**

GEWAS	DOSIS (l / ha)	OPMERKINGS
AVOKADO'S, PIESANGS, SITRUS EN MANGOES Slegs op gevestigde bome	4,0	Dien toe op skoonbewaterde, klam grond tydens die groeiseisoen. Herhaal bespuiting na 2 tot 3 maande indien nodig. Waar grasonkruid las gee in geval van sitrus, kan saam met BROMACIL WP gebruik word. Sien BROMACIL etiket vir toedieningshoeveelheede.
PYNAPPELS Direk nadat geplant is of op gevestigde plante	4,0	Dien toe op skoonbewaterde, klam grond. Opeenvolgende toedienings teen 2,0 l / ha elke 4 maande word verkies bo 'n enkele, volsterkte toediening. Waar grasonkruid las gee, kan dit saam met BROMACIL WP gebruik word. Sien BROMACIL etiket vir aanbevelings.
KOFFIE, MAKEDAMIE- EN PEKANNEUTE (Gevestigde bome)	2,0	Dien toe op skoonbewaterde grond gedurende die lente. Herhaal toediening na 2 tot 3 maande.
SUIKERRIET (Plant- en opslagriet) A: Voor opkom: Met DIUREX SC alleen B: Voor- en vroeg na opkom in kombinasie met ander onkruiddoders Note: DIUREX SC is mengbaar met al hierdie onkruiddoders mits die korrekte mengprosedures gevolg word.	3,0 tot 4,0 2,5 l hexazinone 1,5 l / ha of 2 l + metribuzin 3 l / ha of 2 l + paraquat 2,5 l / ha of 2,5 l + MCPA 3,5 – 6 l / ha + geregistreerde benattingsmiddel of 3 l + MSMA 3 l / ha	Dien as 'n voor opkom behandeling in 200 tot 400 liter water per hektaar toe. Gebruik die hoër dosis waar 'n ernstige onkruidbesmetting verwag word of waar 'n lang nawerking op swaarder gronde verlang word. Vir bykomende beheer van <i>Panicum maximum</i> en <i>Cyperus esculentus</i> . Gebruik die hoër dosis vir ernstige onkruid-besmetting of vir minder vatbare stadiums. Voor- of vroeg na-opkom Voor- of vroeg na-opkom Vroeg na-opkom Vroeg na-opkom Vroeg na-opkom

		Nota: <i>C.rotundus</i> word nie beheer nie.
--	--	--

Panicum maximum word gewoonlik beheer indien een van bogenoemde kombinasies toegedien word as die gras aktief groei en voor dit stoel of 'n hoogte van 4 cm bereik.

Cyperus esculentus (geeluintjies) sal beheer word indien die bespuiting net voor die blomstadium geskied, anders mag wisselvallige resultate verkry word indien bespuiting vroeër geskied of gedurende koue of droë weerstoestande.

Die beheer van *Sorghum verticilliflorum* is gewoonlik onvoldoende, terwyl *Rottboellia exaltata*, *Cynodon dactylon* en *Paspalus spp.* Nie beheer word nie.

PLEK VAN TOEDIENING	DOSIS (l / ha)	KOLBEHANDELING (per 50 m²)	OPMERKINGS
Langs paaie, spoorlyne en op nywerheidspersele	10	50 ml	Waar meerjarige grassoorte voorkom, kan DIUREX SC saam met PROPROP of BROMACIL gebruik word. Sien etikette vir aanbevelings.